# HOEKOM WETENSKAPLIKE NAME?

**S. Louw**

Die wêreld rondom ons is vol verskillende lewende organismes, 'n hele paar miljoen daarvan en die mens is maar een daarvan. Net soos wat die mens wetenskaplik bekend staan as *Homo sapiens*, so het elke verskillende dier en plant ook sy eie wetenskaplike naam.

Omdat daar vandag nog baie onduidelikheid en verwarring oor wetenskaplike name heers, veral onder mense wat minder wetenskaplik georïenteerd is, gaan ek hieronder kortliks oor die noodsaaklikheid daarvan skryf.

Breedvoerig gestel, kan gesê word dat die stelsel van wetenskaplike naamgewing (bekend as *taksonomie*) die hoeksteen vorm van alles met 'n natuurkundige konnotasie (dit is tog sinneloos om met iets te werk waarvan die naam nie bekend is nie) en dat dit ingestel is om op 'n wêreldwye vlak orde te skep in 'n situasie wat andersins onhanteerbare gevolge kon gehad het.

Laasgenoemde stelling kan ten beste toegelig word met 'n voorbeeld. Die meeste mense ken oogpisters as groot, swart kewers met groot kake wat 'n vloeistof uitspuit wat baie brand as dit in die oë kom. Dieselfde kewers is egter ook bekend as loopkewers of kooipisters. In Engels is hulle bekend as 'predacious ground beetles', en in Duits weer as iets anders. In kort kom dit daarop neer dat feitlik elke taal 'n ander naam vir dieselfde kewers sal hê.

Deur die oogpister-kewers die wetenskaplike naam *Thermophilum* te gee kry almal - Griek, Sjinees, of wie ookal — met dieselfde naam te doen. Omdat daar verder verskillende soorte *Thermophilum* kan wees, kry elke soort net 'n verdere naam, bv. *Thermophilum binotatum, Thermophilum homoplatum* ens. Om die stelsel van naamgee verder te orden, word alle kewers met dieselfde liggaamlike eienskappe as die oogpisters in 'n gesamentlike groep of familie geplaas. Al die verskillende kewerfamilies word weer saam in 'n groep geplaas wat hulle skei van ander groepe, soos bv. skoenlappers, sprinkane, vlieë en bye. Op hulle beurt vorm al dié groepe saam een groot groep - die insekte. Soortgelyke stelsels van groepering volgens gemeenskaplike eienskappe word regdeur die plante- en diereryk toegepas.

Die vraag mag ontstaan hoe so 'n enorme stelsel van naamverskaffing wêreldwyd beheer word en of daar nie steeds verwarring kan ontstaan nie. Probleme ontstaan wel en word beheer deur internasionale beheerliggame wat verantwoordelik is vir die opstelling en hersiening van sekere riglyne wat die probleme kan oplos of verhoed. Sodanige riglyne word saamgevat in wat genoem word kodes, te wete die 'International Code of Zoological Nomenclature' vir dierkundiges, die 'International Code of Botanical Nomenclature' vir plantkundiges en die 'International Code of Nomenclature for Bacteria' vir bakterioloë.

Plaaslik sal boere, landboukundiges en tuinboukundiges besef dat taksonomie eintlik 'n onmisbare faset van die wetenskap is. Dink maar daaraan of die beheer van die kosmopolitiese plaag *Astylus atromaculatus* sou geslaag het as die kewers net bekend gestaan het as die 'spotted maize beetle' of 'pollen beetle', of is dit nou bontmieliekewer ...? ●

